# FORENSIESE MAATSKAPLIKE WERK AS 'N SPESIALITEITSRIGTING:

# 'N VERKENNENDE STUDIE

C.J. JACOBS
MA (MW) FORENSIES

MANUSKRIP VOORGELÊ TER GEDEELTELIKE NAKOMING VAN DIE VEREISTES VIR DIE GRAAD

**MAGISTER ARTIUM (MAATSKAPLIKE WERK) FORENSIES**

IN DIE

FAKULTEIT GESONDHEIDSWETENSKAPPE

AAN DIE

NOORDWES-UNIVERSITEIT (POTCHEFSTROOMKAMPUS)

STUDIELEIER: DR. A.G. HERBST

POTCHEFSTROOM

NOVEMBER 2007

## DANKBETUIGINGS:

Ek wil graag die volgende persone bedank:

* Dr. A.G. Herbst vir haar leiding en ondersteuning rakende die navorsing.
* Me. Yvonne Smuts vir die taalkundige versorging.
* My ouers en dogter vir hulle begrip en ondersteuning.

**SOLI DEO GLORIA**

VIR MY DOGTER, NIKé

# FORENSIESE MAATSKAPLIKE WERK

# AS SPESIALITEITSRIGTING:

# 'N VERKENNENDE STUDIE

C.J. JACOBS

2007

# INHOUDSOPGAWE


| | |
|---|---|
| OPSOMMING | ii |
| SUMMARY | iii |
| VOORWOORD | iv |
| VOORSKRIFTE AAN OUTEURS | v |
| INLEIDING | 1 |
| NAVORSINGMETODOLOGIE | 1 |
| FORENSIESE MAATSKAPLIKE WERK AS IDENTIFISEERBARE VELD IN MAATSKAPLIKE WERK | 4 |
| FORENSIESE MAATSKAPLIKE WERK IS NIE 'N METODE OF INTERVENSIE NIE | 6 |
| DIE DOMEIN VAN FORENSIESE MAATSKAPLIKE WERK | 7 |
| BESONDERE KENNIS, VAARDIGHEDE EN ERVARING VAN DIE FORENSIESE MAATSKAPLIKE WERK | 10 |
| GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS | 15 |
| BIBLIOGRAFIE | 16 |
| BYLAAG A: KOPIE VAN DIE VRAELYS | 22 |

## OPSOMMING

**Titel:**

FORENSIESE MAATSKAPLIKE WERK AS SPESIALITEITSRIGTING:
'N VERKENNENDE STUDIE

**Sleutelwoorde:**

Forensiese maatskaplike werk, gespesialiseerde veld, statutêre maatskaplike werk, deskundige getuienis

**Opsomming:**

Hierdie studie het die vraag ondersoek of forensiese maatskaplike werk voldoen aan die vereistes van die *South African Council for Social Service Professions* (SACSSP) vir die registrasie van 'n spesialiteitsrigting. Die vereistes is soos volg:

* dit moet 'n identifiseerbare en difinieerbare veld in maatskaplike werk wees,
* dit moet nie 'n vorm van intervensie wees nie,
* dit moet 'n besondere veld van maatskaplike werk insluit en nie gedeel word met ander professies nie en
* dit vereis besondere kennis, vaardighede en ervaring van die maatskaplike werker.

Daar is tot die gevolgtrekking gekom dat forensiese maatskaplike werk aan genoemde vereistes voldoen en daar is aanbeveel dat dit as sodanig geregistreer moet word.

## SUMMARY

***Title***

FORENSIC SOCIAL WORK AS SPECIALITY: AN EXPLORATORY STUDY

***Key words***

Forensic social work, speciality, statutory social work, expert evidence

***Summary***

This study explored the question whether forensic social work meets the requirements set by the South African Council for Social Service Professions (SACSSP) for registration as a specialist field. The requirements are as follows:

- It should be an identifiable and definable field in social work.
- It should not be a form of intervention.
- It should include a distinctive field of social work and not be shared with other professions.
- It requires specialized knowledge, skills and experience from the social worker.

It has been concluded that forensic social work does indeed meet the requirements for registration and it is recommended that it be registered as such.

## VOORWOORD

Die artikelformaat is gekies om aan die graad MA (Maatskaplike werk) te voldoen, asook aan die vereistes van die vaktydskrif vir maatskaplike werk, getitel Social Work / Maatskaplike Werk. Hierdie artikel maak slegs 10% uit die totale kursuspunt. Hierdie manuskrip word in artikelformaat voorgelê ooreenkomstig Regulasie A.11.2.5 vir die graad MA (MAATSKAPLIKE WERK) FORENSIES.

## VOORSKRIFTE AAN OUTEURS

Die tydskrif publiseer artikels, boekbesprekings en kommentaar op reeds gepubliseerde artikels uit enige gebied van die maatskaplike werk. Bydraes mag in Afrikaans of Engels geskryf word. Alle artikels moet vergesel wees van 'n Engelse opsomming van nie meer as 100 woorde nie. Alle bydraes sal krities deur ten minste twee keurders beoordeel word. Beoordeling is streng vertroulik. Manuskripte sal na die outeurs teruggestuur word indien ingrypende hersiening vereis word of indien die styl nie ooreenstem met die tydskrif se standaard nie. Artikels van minder as 2 000 woorde of meer as 10 000 woorde sal normaalweg nie oorweeg word vir publikasie nie. 'n Disket met die teks, verkieslik in MS Windows, moet twee kopieë van die manuskrip vergesel. Manuskripte moet in 12pt "Times Roman" dubbelspasiëring slegs op een kant van 'n A4 bladsy getik word. Indien enigsins moontlik moet die manuskrip ook per e-pos versend word aan hsu@sun,ac.za. Verwysings moet volgens die Harvard-stelsel geskied. Verwysings in die teks: Wanneer woordelikse sitate, feite of argumente uit ander bronne gesiteer word, moet die van(ne) van die outeur(s), jaar van publikasie en bladsynommers tussen hakies in die teks verskyn, byvoorbeeld. "......(Berger, 1967: 12). Meer besonderhede omtrent bronne moet alfabeties volgens die vanne van die outeurs aan die einde van die manuskrip onder die opskrif "Bibliografie" verskyn.

# FORENSIESE MAATSKAPLIKE WERK AS 'N SPESIALITEITSRIGTING: 'N VERKENNENDE STUDIE

**Mev CJ Jacobs is 'n MA-student aan die Noordwes- Universiteit (Potchefstroomkampus). Dr AG Herbst is 'n dosent aan die Vakgroep Maatskaplike Werk aan dieselfde Universiteit.**

## INLEIDING

Forensiese maatskaplike werk is 'n betreklik nuwe veld in maatskaplike werk, wat in die VSA reeds wye erkenning geniet. In Suid-Afrika word tans oorweging geskenk daaraan om dit as spesialiteit te registreer. Die South African Council for Social Service Professions (SACSSP)(2003: 1-2) definieer 'n spesialiteitsveld as: "A particular field of practice in Social Work in which specific activities take place for which specific additional knowledge, skills and expertise are required and which could be regarded as the domain of the Social Work profession." Uit hierdie omskrywing word die volgende vier kriteria afgelei vir die registrasie van Forensiese Maatskaplike Werk as 'n spesialiteit:

(i) dit moet 'n identifiseerbare en definieerbare veld in maatskaplike werk wees,
(ii) dit moet nie 'n vorm van intervensie wees nie,
(iii) dit moet 'n besondere veld van maatskaplike werk insluit en nie gedeel word met ander professies nie en
(iv) dit vereis besondere kennis, vaardighede en ervaring van die maatskaplike werker.

In hierdie artikel word terugvoer gegee oor 'n studie waarin hierdie vier kriteria van die SACSSP aan die hand van 'n literatuurstudie en empiriese ondersoek verder verken word.

## NAVORSINGSMETODOLOGIE

Die doel van die studie is om forensiese maatskaplike werk in Suid-Afrika te meet aan die vereistes wat die SACSSP daarvoor stel. Hierdie doelstelling is bereik deur twee doelwitte, naamlik om enersyds 'n literatuurstudie en 'n empiriese ondersoek andersyds

te doen oor die vereistes soos gestel deur die SACSSP. Aangesien forensiese maatskaplike werk as onderwerp beter gedefinieer en die kennisvlak oor die onderwerp verder uitgebrei moet word as wat tans die geval is, was hierdie ondersoek beide beskrywend en verkennend van aard (Fouchè & De Vos, 2005: 106). Hierdie studie is gebaseer op die sentrale teoretiese argument dat forensiese maatskaplike werk wel aan die vereistes vir 'n spesialiteitsrigting van die SACSSP voldoen. Daar is gebruik gemaak van deurlopende vergelykende navorsing (Poggenpoel, 1998: 338-340) aan die hand van 'n sekondêre analise van bestaande literatuur (Strydom en Delport, 2005: 319-322). Hierdie navorsingsprosedures word gevolg om teorie voortdurend te ontwikkel. 'n Literatuurstudie word onderneem om insig in die onderwerp te bekom (Rubin & Babbie, 2005: 120). Die literatuurstudie het 'n raamwerk geskep waarbinne die navorsing geïnterpreteer is. Die literatuurstudie is verder ondersteun deur gebruik te maak van 'n kwantitatiewe opname onder die populasie van geregistreerde maatskaplike werkers in Suid-Afrika. Op hierdie wyse is triangulering van data bewerkstellig en kon subjektiwiteit en persoonlike vooroordeel beperk word (De Vos, 2005: 361).

'n Opname is gedoen deur gebruik te maak van 'n ewekansige steekproef van 11 919 (of een kwart) van die maatskaplike werkers wat in 2007 by die SACSSP geregistreer is. Die doel van die opname was om hulle mening in te win oor verskillende aspekte van forensiese maatskaplike werk. 'n Vraelys, vergesel van 'n dekbrief en 'n gefrankeerde koevert, is aan elkeen gepos. Slegs 164 persone het egter aan die ondersoek deelgeneem. Die gebrek aan belangstelling is deur die navorser opgevolg en hoofsaaklik twee response is verkry: een groep was nie bereid om 'n vraelys wat nie in hulle huistaal geskryf is, te voltooi nie, en 'n tweede groep het erken dat hulle nie vertroud is met die begrip forensiese maatskaplike werk nie. Die Statistiese Konsultasiedienste aan die Noordwes-Universiteit het die data verwerk. Etiese goedkeuring is van die Universiteit se Etiekkomitee verkry en etieknommer 07K20 is aan die studie toegeken. Hierdie studie is deel van 'n omvattende studie oor forensiese maatskaplike werk in Suid-Afrika deur genoemde universiteit.

Soveel moontlik boeke, vaktydskrifte en akademiese verhandelings rakende die veld van forensiese maatskaplike werk is in hierdie studie bestudeer ten einde 'n sinvolle analise van bestaande literatuur te kon maak. Hierdie studie is gedoen aan die hand

van die kriteria van die SACSSP vir die registrasie van 'n spesialisrigting in maatskaplike werk. Literatuur wat geraadpleeg is, moes aan die volgende kriteria voldoen:

- Die literatuur moes spesifiek handel oor forensiese maatskaplike werk.
- Slegs materiaal wat in erkende wetenskaplike boeke of vaktydskrifte gepubliseer is, kon gebruik word.

Aangesien daar van 'n sekondêre analise van die literatuur gebruik gemaak is om data in te samel is dit noodsaaklik om hier 'n kort oorsig te gee van die literatuur wat benut is. Tabel 1 verskaf 'n opsomming van die toepaslike literatuur.

**TABEL 1: LITERATUUR OOR FORENSIESE MAATSKAPLIKE WERK WAT IN DIE SEKONDÊRE ANALISE BENUT IS**

| Nr. | Skrywer | Jaar | Titel | Verwysing |
|---|---|---|---|---|
| 1. | BARKER, R.L. & BRANSON, D.M. | 2000 | Forensic Social Work: Legal aspects of professional practice. | New York: Haworth |
| 2. | BRIAN, K. & HOLMGREN, J.D. | 1997 | Expert testimony on children's suggestibility: should it be admitted? | The Abstract Advisor, 10(1): 1-14 |
| 3 | BERNE, E. | 2004 | Games people play: the basic handbook of transactional analysis. | New York: Ballentine. |
| 4. | GREEN, G. THORPE, J. & TRAUPMANN, M. | 2005 | The sprawling thicket: knowledge and specialization in forensic social work. | Australian Social work, 58(2): 142-153, June |
| 5. | HUGHES, D.S. & O'NEAL, B.C. | 1983 | A survey of current forensic social work. | Social work, 28(5): 393-394, September-October. |
| 6. | KALISKI, S.Z. | 2006 | Psycholegal Assessment in South Africa. | Cape Town: Oxford. |
| 7. | KUEHNLE, K. | 1996 | Assessing Allegations of Child Sexual Abuse. | Sarasota: Professional Resource. |
| 8. | MYERS, J.E.B. | 1990 | Law: coping with cross examination. | The APSAC Advisor, 3(3): 1-11. |
| 9. | PERRON, P.E. & HILTZ, B.S. | 2006 | Burnout and secondary trauma among forensic interviewers of abused children. | Child and Adolescent Social Work Journal, 23(2): 216-234. |
| 10. | ROBERTS, C. & GREENE, G. J. | 2002 | Social workers' desk reference. | Oxford: Oxford. |
| 11. | ROOS, N. | 2005 | Praat daaroor: 'n handleiding vir seksueel gemolesteerde vroue. | Pretoria: Lapa. |
| 12. | SPIES, G.M. | 2006 | Sexual abuse: dynamics, assessment and healing. | Pretoria: Van Schaik. |
| 13. | SPRINGER, D.W. & | 2007 | Handbook of forensic mental health with | New York: Springer. |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| | ROBERTS, A.R. | | victims and offenders: assessment, treatment and research. | |
| 14. | STAUB-BERNACONI, S. | 2006 | Social work: theory and methods. | In Ritzer, G. Ed. The Blackwell Encyclopedia of Sociology, Vol. 9. Oxford: Blackwell |
| 15. | STUTTERHEIM, E & WEYERS, ML | 1999 | Forensic social work: with special reference to forensic social work service of SAPS | Social work / Maatskaplike werk, 35(1): 11-21. |
| 16. | VERGOTTINI, E. M | 2006 | 'n Maatskaplikewerk-ondersoek na die aard en implikasies van die sogenaamde "wenslikheid van vervolging" verslae. | Potchefstroom: NWU. |

## NAVORSINGSVRAAG

Die navorsingsvraag is tweeledig van aard en poog om te bepaal of forensiese maatskaplike werk voldoen aan die kriteria vir 'n spesialiteitsrigting in maatskaplike werk, en of dit as spesialiteitsrigting binne maatskaplike werk gevestig moet word.

## FORENSIESE MAATSKAPLIKE WERK AS IDENTIFISEERBARE EN DEFINIEERBARE VELD IN MAATSKAPLIKE WERK

Die vraag ontstaan wat bedoel word met forensiese maatskaplike werk. Die woord *forensies* word volgens Reber (1995:295) afgelei van 'n Latynse woord wat *forum* beteken. De Sola (1982:53) brei verder hierop uit deur forensies te beskryf as die kuns van argumentering deur die toepassing van wetenskaplike feite om regsvraagstukke op te los. Smuts en Smuts (1992: 51 en 57) beskryf forensies as geregtelike aspekte of aspekte betreffende die gereg of die proses van regspleging.

Volgens Barker en Branson (2000: 166) kan forensiese maatskaplike werk beskryf word as 'n spesialiteitsveld wat fokus op die verhouding tussen die mens en die regsisteem. Dit sluit aktiwiteite in soos die lewering van deskundige getuienis in die hof en assessering van sake waar misdadige gedrag vermoed word. Die deskundige getuie moet oor die nodige formele opleiding en ervaring beskik. Die regsisteem word ook bygestaan in sake soos toesig en beheer van minderjarige kinders, egskeiding, onderhoud, jeugoortreders, lewensmaat- en kindermishandeling, toelating tot inrigtings vir geestesongesteldheid, ingeligte toestemming en aanspreeklikheid. Hierdie definisie is ook deur die meerderheid respondente (95,73%) in die opname aangedui as die

mees omskrywende definisie van forensiese maatskaplike werk. Dit was dus moontlik om forensiese maatskaplike werk as 'n spesifieke veld te definieer.

Die voorgenoemde definisies en ook 'n aantal ander is verder geanaliseer om te bepaal of daar spesifieke en/of sentrale temas geïdentifiseer kon word om forensiese maatskaplike werk as spesialiteitsveld te identifiseer (Barker, 1995:37; National Organization of Forensic Social Work, 2008:1; Staub-Bernasconi, 2007: 4544; Weyers, 2001:2). Temas wat uit die ontleding van die definisies verkry is, is in Tabel 2 opgesom.

**TABEL 2: SENTRALE TEMAS SOOS VERKRY VANUIT DIE DEFINISIE VAN FORENSIESE MAATSKAPLIKE WERK**

| SENTRALE TEMAS |
|---|
| • Die lewering van deskundige getuienis |
| • Gespesialiseerde opleiding en ervaring |
| • Ondersteuning van die regsproses en regspleging |
| • Spesialiteitsveld |
| • Slagoffer-ondersteuning |
| • Ondersteuning aan die oortreder |
| • Assessering van slagoffers en oortreders |
| • Die lewering van deskundige getuienis rakende seksuele misbruik, kindermishandeling en –verwaarlosing |

Uit hierdie temas kan afgelei word dat die veld van forensiese maatskaplike werk duidelik identifiseerbaar is en dat dit veral die volgende take insluit:

- die lewering van deskundige getuienis in die hof wat gebaseer is op die wetenskaplike kennisbasis van die maatskaplike werker wat deur die hof aangewend word om regsvraagstukke op te los;
- die maatskaplike werker assesseer beide die behoeftes en sterktes van die slagoffer en oortreder; en
- die gevolgtrekkings en aanbevelings word dan aan die hof voorgelê met die hof as die primêre kliënt.

Dit stem ooreen met data wat uit die kwantitatiewe opname in hierdie studie ingesamel is. Die meerderheid respondente (95,73%) het aangedui dat forensiese maatskaplike

werk 'n duidelike definisie het en identifiseerbare take insluit. Hierdie definisie is primêr ingestel op die lewering van deskundige getuienis in die hof.

## FORENSIESE MAATSKAPLIKE WERK IS NIE 'N METODE OF INTERVENSIE NIE

Uit die definisie van forensiese maatskaplike werk blyk dit dat die primêre taak van die forensiese maatskaplike werker aangedui kan word as die lewering van deskundige getuienis in die hof. Dit vereis dus dat die maatskaplike werker oor spesifieke kennis en vaardighede moet beskik om inligting rakende die kliënt te bekom, hierdie inligting te interpreteer en dit dan aan die hof beskikbaar te stel op 'n wyse wat binne die regstelsel verstaanbaar en bruikbaar is. Die maatskaplike werker tree op as 'n getuie in die hof oor:

- gebeure in die verlede van die slagoffer en die oortreder en
- die funksionering van sisteme soos ouer-kind-verhoudings en gemeenskappe se verwysingsraamwerke.

Volgens die Vaktaalkomitee vir Maatskaplike Werk (1995:31) kan intervensie soos volg gedefinieer word: "Professionele handelinge van 'n maatskaplike werker om verandering in die persoon-omgewing-situasie te bewerkstellig ter bereiking van die doelwitte van die samewerkingsooreenkoms (kontrak) wat met die kliënt aangegaan is". Die doel van forensiese maatskaplike werk is egter nie om verandering in die persoon-omgewing-situasie te bewerkstellig nie. Met inagneming van die definisie van intervensie is dit duidelik dat forensiese maatskaplike werk nie 'n vorm van intervensie is nie. Die primêre kliënt is die hof, wat bevestigbare inligting en verdedigbare menings verlang oor dit wat in die verlede gebeur het en 'n invloed het op die regsplegingsproses. Daardie inligting moet binne die besondere veld van maatskaplike werk geïnterpreteer word. Hierdie veld is die interaksie van die mens met homself en sy omgewing. Kuehnle (1996:29-37) brei verder hierop uit deur die verskil te beklemtoon tussen die advokaatrol van 'n maatskaplike werker (in generiese praktyk) en die rol van die forensiese maatskaplike werker om regstoepaslike inligting te bekom. Die advokaatrol van die generiese maatskaplike werker dui daarop dat die kliënt se regte en algemene welsyn verdedig moet word, en die kliënt se weergawe van die gebeure word oor die algemeen aanvaar. Woodside en McClam (2006: 214) beskryf die maatskaplike werker se advokaatrol as een waarin die maatskaplike werker pleit en

veg vir dienste, beleid, reëls, regulasies en wette namens die kliënte. Die forensiese maatskaplike werker, daarteenoor, voer onderhoude met die doel om inligting te verkry wat ooreenkomstig regstegnieke en norme in die hof getoets kan word.

## DIE DOMEIN VAN FORENSIESE MAATSKAPLIKE WERK

Die forensiese veld word deur verskeie professies en dissiplines gedeel, maar word in die praktyk vanuit verskillende invalshoeke beskou. Die rolle, take en verantwoordelikhede van elke dissipline is duidelik onderskeibaar.

Die assessering van kliënte word deur psigiaters, psigoloë en maatskaplike werkers gedoen met inagneming van die terrein, spesifieke kennis en vaardighede van elke professie (Brooker, 2005: 221; Dale, Woods en Thompsom, 2001: 13; De Sola, 1982:53; Reber, 1995:295; Schmidt, 1968: 115; Stratton & Hayes, 1999:107; University of Cape Town, 2007; Walsh & Poole, 1983: 90-91).

Die dissiplines moet as span saamwerk in die beste belang van die gemeenskap, die slagoffer en die rehabilitering van die oortreder. Die deskundige getuienis behoort op so 'n wyse gelewer te word dat dit binne die raamwerk van die bestaande regstelsel verdedigbaar is en, wanneer nodig, die regstelsel uitdaag om aan te pas. Hierdie uitdaging moet egter gegrond wees op feite wat verkry is deur uitgebreide assessering en ondersoek. Elke dissipline het 'n unieke invalshoek, hooffokus en verantwoordelikhede om hierdie ondersoek uit te voer en uiteindelik getuienis te lewer. Die definisies, hooffokus en primêre take van die verskillende dissiplines is in Tabel 3 opgesom.

### TABEL 3: ANDER DISSIPLINES BETROKKE IN FORENSIESE WERK

| DISSIPLINES | DEFINISIE | HOOFFOKUS EN PRIMÊRE TAKE |
|---|---|---|
| Forensiese verpleegkunde | Forensiese medisyne is die aanwending van wetenskaplike, mediese kennis om 'n geregtelike probleem op te los (Brooker, 2005: 221, De Sola, 1982: 53). | • Kennis van beroepsiektes en beserings.<br>• Identifiseer verdagte omstandighede en lewer getuienis aan die hof.<br>• Kennis van psigiatriese pasiënte (Brooker, 2005: 221; Dale, Woods & Thompsom, 2001: 13; De Sola, 1982:53; Schmidt, 1968: 115; Walsh & |

| | | |
|---|---|---|
| | | Poole, 1983: 90-91). |
| Forensiese psigiatrie | Die forensiese psigiater verklaar die interaksie tussen die mens se psigiese en fisiese funksionering. Die twee funksioneringsvlakke kan nie van mekaar geskei word nie (University Cape Town, 2007). | • Kennis en interpretasie van patologiese en nie-patologiese geestesongesteldheid en gedrag.<br>• Bepaling van ontoerekeningsvatbaarheid en skynsiektes.<br>• Die verwysing van persone na inrigtings ingevolge wetgewing (Reber, 1995:295, University of Cape Town, 2007). |
| Forensiese sielkunde | Die toepassing van psigologie op regsaspekte soos die betroubaarheid van die getuie, getuienis deur kinders, die gevolge van regsaksie vir die betrokke kinders en die oorsake van kriminele gedrag (Stratton & Hayes, 1999: 7; Vorster, 2003 :1). | • Die diagnose van persoonlikheidsdinamiek en psigoses.<br>• Getuienis oor die betroubaarheid van getuienis, die menslike geheue en die besluitnemingsproses.<br>• Kuratorskap en om te bepaal of 'n persoon in staat is om sy eie belange te beheer (Reber 1995: 295; Stratton & Hayes, 1999: 107). |

Forensiese verpleegkunde, forensiese psigiatrie en forensiese sielkunde beskik oor 'n duidelike taak en domein in getuienis aan die hof in regspleging. Die domein van maatskaplike werk as kennisbasis van die mens in sy verhoudings word egter nie daardeur hanteer nie. Daarom is dit belangrik om die domein van maatskaplike werk te ondersoek en af te baken. Met die agtergrond van ander dissiplines wat by forensiese werk betrokke is, is dit noodsaaklik om die spesifieke domein van die forensiese maatskaplike werker duidelik te omlyn. Die domein van forensiese maatskaplike werk lê hoofsaaklik gesetel in die volgende:

- die assessering van die slagoffer en/of oortreder;
- die lewering van deskundige getuienis; en
- 'n wetenskaplike kennisbasis.

Die lewering van deskundige getuienis in die hof sal vervolgens as die primêre domein in forensiese maatskaplike werk bespreek word.

**Die forensiese maatskaplike werker as deskundige getuie**

Die forensiese maatskaplike werker se hooffokus en primêre funksie is om effektief te assesseer en as deskundige in die hof te getuig. Volgens Barker en Branson (2000:53) is 'n deskundige getuie 'n maatskaplike werker wat agtergrondinligting kan verskaf oor die regsvraagstukke wat gedebatteer word wat nie noodwendig die detail van die betrokke saak in ag neem nie. So 'n getuie beskik oor formele opleiding en uitgebreide ervaring en is in staat is om die konteks waarbinne die individu opgetree het, aan die hof te verduidelik. Laastens beskik hierdie tipe getuie oor die nodige kennis, ervaring en sosiale vaardighede ten opsigte van hofprosedure, toelaatbaarheid van getuienis, verskillende rolle en die aard van inligting wat in die hof benodig word.

Die deskundige getuie fokus op die toepassing van die maatskaplikewerk-kennisbasis om regsvraagstukke op te los deur te fokus op sosiale vraagstukke en die sistematiese evaluasie van individue binne hulle omgewing rakende seksuele misbruik van kinders en gestremdes, huishoudelike geweld en die invloed van mag in verhoudings (Smuts en Smuts, 1992: 51 en 57; Weyers, 2001:2; Stutterheim, 1999: 13; Staub-Bernasconi, 2007:4544). Die deskundige getuie kan fokus op die toepassing van die kennisbasis op die detail van 'n saak of daarop om volkome objektief te getuig op grond van die kennisbasis in die algemeen om die maatskaplike werker se bevinding te toets aan die bestaande kennisbasis en standaarde vir assessering. Hierdie toepassing van die kennisbasis sluit die volgende kategorieë binne maatskaplike werk in:

- ondersoeke in gevalle waar misdaad vermoed word;
- advisering van die hof oor beskuldiges en slagoffer se behoeftes en potensiaal;
- ondersteuning van die slagoffer om sy menswaardigheid te herwin;
- getuienis ten opsigte van kinderbeskerming;
- getuienis ten opsigte van egskeiding;
- getuienis ten opsigte van jeugoortreders;
- mediasie tussen groepe wat verskil en
- getuienis rakende aanspreeklikheid (Barker & Branson, 2000: 13-14).

Dit is die uitsluitlike domein van forensiese maatskaplike werk om verslae oor 'n persoon se psigososiale omstandighede aan die hof te voorsien. Nadat die hof die skuldige

gevonnis het, is die forensiese maatskaplike werker daarvoor verantwoordelik om die uitvoering van vonnis-voorwaardes te fasiliteer en te moniteer.

## BESONDERE KENNIS, VAARDIGHEDE EN ERVARING VAN DIE FORENSIESE MAATSKAPLIKE WERKER

Die forensiese maatskaplike werker benodig bo en behalwe die generiese kennis en vaardighede ook spesialiteitskennis en –vaardighede om as 'n deskundige te kan optree. 'n Deskundige word beskou as 'n persoon met deeglike kennis en/of ervaring wat van gesaghebbende oordeel getuig (Odendal, 1994: 138; Smuts & Smuts, 1992: 38).

### Die forensiese maatskaplike werker se spesifieke kennis

Die forensiese maatskaplike werker is 'n persoon wat oor deeglike kennis en ervaring beskik rakende die persoon in sy sosiale konteks asook oor teoretiese agtergrondkennis van psigologie en sosiologie. Die forensiese maatskaplike werker moet addisioneel kennis vanuit die regsprofessie en kriminologie integreer met die maatskaplikewerk-kennis.


### Besondere vaardighede van die forensiese maatskaplike werker

Stutterheim en Weyers (1999: 13-15) noem voorverhoor- en -vonnisverslae as take van die forensiese maatskaplike werker. Die doel van die ondersoek is om te bepaal waarom die vermeende oortreder op die spesifieke wyse opgetree het en of hy daartoe in staat is om verhoor te word. Die maatskaplike werker mag ook versoek word om 'n mening uit te spreek oor menslike gedrag, maatskaplike probleme, die impak van sekere gebeure op mense en omstandighede wat die persoon mag noop om op 'n bepaalde wyse op te tree. Die maatskaplike werker mag ook versoek word om verslag te lewer oor vonnisse nadat die hof 'n persoon skuldig bevind het, maar voordat die persoon gevonnis word. In primêre residensie-sake word die maatskaplike werker versoek om ondersoek in te stel na en 'n aanbeveling te maak aangaande die primêre residensie van minderjarige kinders.

Uit die opname het respondente aangedui dat die forensiese maatskaplike werker oor die bepaalde kennis en vaardighede moet beskik. Hierdie kennis en vaardighede is in Figuur 1 opgesom.

**FIGUUR 1: SPESIFIEKE VAARDIGHEDE EN KENNIS VAN DIE FORENSIESE MAATSKAPLIKE WERKER**

| Aspek | Aantal | % |
|---|---|---|
| Kennis en vaardighede rakende wetlike aspekte | 139 | 85 |
| *Gespesialiseerde* kennis van forensiese maatskaplike werk | 51 | 31 |
| Die lewering van deskundige getuienis | 18 | 11 |
| Objektiwiteit, professionaliteit en luistervaardighede | 13 | 8 |
| Assessering van die slagoffer en die oortreder | 6 | 3 |



Geen totaal of totale persentasie (N-telling) word weergegee nie, want verskeie respondente het meer as een aspek as belangrik aangedui.

